Hier by die opening van die uitstalling verlede Donderdag is (van links) Nelia Andrag, Heidi Ansley, Hermien van der Merwe en haar man, Roelf – almal van Durbanville – by een van haar reeks "Lig vir die wêreld"-lampe, getitel "Kinders van die lig". FOTO'S: ESMÉ ERASMUS

Fynbos-werke gewys

'n Solo-uitstalling van werke met fynbos as tema deur Hermien van der Merwe is verlede Donderdag en Vrydag by haar huis in Franshoekstraat, Durbanville Hills geopen.

Van der Merwe is onlangs vereer toe van haar werke gekies is om te pryk teen die mure van die ou klipwinkel op Tafelberg.

Vir hierdie uitstalling het sy haar fynboswerke ook kombineer met 'n skildery en tekeninge met aalwyne, asook linodrukke met artisjokke as tema.

Die publiek kan die werke per afspraak besigtig.

▸ Kontak Hermien by 083 7044 734 met navrae.

Ook by die geleentheid was (van links) Catherine en Koos Louw van Welgemoed, Patricia Scott en Adéle Groenewald; albei van Stellenberg.

Madri Carstens, Annelise Fabel en M.L. Carstens van Durbanville was ook daar.

Hermien van der Merwe (links) verduidelik hier haar linodrukke van artisjokke aan (van links) Junelle Kotzé, Efmé Coetzee en Lizl Döman, almal van Durbanville.